

DIE TAAK VAN DIE
LANDBOU-EKONOOM
IN SUID-AFRIKA

R E D E

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN LANDBOU-EKONOMIE AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GEHOU OP 24 AUGUSTUS 1939

DEUR

F. R. TOMLINSON



PRETORIA

1939

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA

Reeks IV : Intree-redes, No. 20.

*Meneer die Rektor,
Here Professore en Lektore,
Dames en Here Studente,
Dames en Here.*

Die onderwerp vir hierdie rede is natuurlik baie wyd en dit sou miskien meer vanpas gewees het om 'n spesifieke probleem te behandel. Daar bestaan egter by die publiek as ook by baie landbou-deskundiges so'n misverstand oor die werk van die landbou-ekonoom en wat van hom verwag word dat ons dit goed geag het om hier 'n algemene rede te voer oor die taak van die landbou-ekonoom in Suid-Afrika.

Landbou-ekonomiese probleme bestaan reeds vir eeue en dit vermenigvuldig nie namate die ekonome vermenigvuldig nie, maar namate die landboubedryf meer en meer gespesialiseerd en gekommersialiseerd word. Skrywers soos Aristotelis, Xenophon, en Varro het in hul geskrifte reeds eeue gelede op landbou-ekonomiese probleme geraak. As wetenskap egter is landbou-ekonomie nog maar in sy suigelingstadium. Die rede hiervoor moet tot 'n groot mate daaraan toegeskrywe word dat tot 'n twintigtal jare gelede diegene wat hul met landbou-ekonomiese sake bemoei het hoofsaaklik hul probleme filosofies benader het.

Dit wil natuurlik nie sê dat die landbou-ekonoom nie ook 'n filosofiese blik op boerderyprobleme moet hê nie. Inteendeel, 'n persoon by wie dit ontbreek, sou as landbou-ekonoom 'n groot tekortkoming hê want aan die landbou is daar 'n sekere geestelike waarde verbonde wat nie in terme van geldeenhede kan gemeet word nie en 'n filosofiese beskouing van navorsingsresultate is ook tot 'n sekere mate nodig. Maar aan die ander kant is die landbou-ekonoom wat sy probleme uitsluitlik filosofies beskou geen landbou-ekonoom in die moderne sin van die woord nie. Die tyd is gelukkig verby waar getrag word om landbou-ekonomiese probleme in 'n leuningstoel op te los.

Die geestelike waarde verbonde aan die plaas kan nie onder die moderne gekommersialiseerde en intensief-gemeganiseerde landbou tot volle uiting kom nie tensy die boerdery 'n redelike winsgewendheid toon sodat die boer en sy familie op 'n behoorlike peil kan lewe. Die moontlikheid dat die aantal individuele boerderye in Suid-Afrika baie sal vermeerder, is taamlik beperk. Daar is streke in ons land waar groter intensivering nog moontlik is, m.a.w. waar die teenswoordige boerderye kan verklein word en tog winsgewende eenhede bly. Maar in baie gedeeltes van die land is die boerderye reeds te klein en behoort hulle vergroot te word sodat die eienaar 'n behoorlike bestaan daaruit kan maak. In die meeste gevalle kan die huidige boerderye nie plek maak vir drie of vier boerseuns nie. Oor die algemeen moet een seun die plaas oorneem en die ander drie moet pad gee. Indien hierdie drie seuns nie instaat is om self

'n boerdery te begin nie, is dit die plig van die boer om te sien dat hierdie seuns 'n deeglike voorbereiding vir die stedelike lewe kry. Ongelukkig gebeur dit dikwels dat sulke seuns ook op die plaas agterbly om te boer, die plaas het nie plek vir almal nie met die gevolg dat hulle tog uiteindelik in baie gevalle as ongeskoolde arbeiders in die stede beland. Baie sulke seuns maak 'n sukses maar baie maak 'n mislukking van die stadslewe en dit lei tot allerhande sosiale probleme. Ons noem hierdie voorbeeld nie slegs om aan te toon watter noue verwantskap daar tussen die ekonomiese winsgewendheid van die boerdery — die probleem van die landbou-ekonomiese dus — en die probleem van die deskundige op maatskaplike gebied bestaan nie, maar ook om daardeur klem te lê op die feit dat daardie geestelike waarde verbonde aan die boerdery onder die moderne ekonomiese stelsel van geen betekenis vir die gemeenskap is nie tensy die boerdery nie ook ekonomies, d.w.s. geldelik, winsgewend is nie.

Ons boere van vandag vorm net so 'n skakel in die hele ekonomiese netwerk soos die winkelier, die bankier, die spoorwegwerker of enige fabrikant. Hy kan dus nie meer net dink oor wat om vir huisgebruik te produseer soos onder 'n selfversorgende stelsel nie, maar hy moet die produkte produseer waarvoor sy plaas die geskikste is en sy keuse wysig ooreenkomstig marktoestande. Kort- en langtermyn prysbewegings affekteer dus vandag ons boerebevolking in dieselfde mate as allerlei fisiese faktore. Die taak van die landbou-ekonomiese is dus, in breë trekke, van 'n tweërlei aard, nl. eerstens om die boerleiding te gee in verband met die voordeligste kombinasie van die verskillende produksiefaktore in sy boerdery sodat hy teen die laags moontlike koste kan produseer en tweedens om leiding te gee in verband met die afset van die boer se produkte. Wat die taak van die landbou-ekonomiese in Suid-Afrika betref, beskou ons eersgenoemde, d.w.s. om die voordeligste kombinasie van die produksiefaktore in die landbou te verkry waarmee die wet van dalende meeropbrengste nou saamhang as van veel groter belang as laasgenoemde, nl. die landbou-afsetsprobleem. Hierdie stelling sal deur baie blykbaar as onsinnig beskou word maar ons rede daarvoor is dat die handelsekonomiese tot 'n groot mate in staat is om leiding op afsetgebied te gee sonder om in staat te wees om op produksiegebied leiding te gee. Behalwe hierdie twee algemene rigtings waarin die landbou-ekonomiese leiding moet gee kom ons by nog 'n derde algemene taak wat nie alleen die boer nie, maar die volk in die geheel raak, nl. om aan die Staat ten opsigte van landboubeleid leiding te gee. Dit is egter moeilik om die regte leiding in landboubeleidsake te gee indien ons nie 'n deeglike kennis van ons landbou in al sy vertakings van produksie en afset dra nie. Daar is egter baie meer ekonomiese ondersoek in ons landbou as wat tot dusver ingestel is nodig voordat die landbou-ekonomiese die vaste grond onder sy voete sal hê wat hom in staat sal stel om, wan-

neer hy voorstelle insake landboubeleid aan die Staat moet voorlê op feite te steun, en nie soos in die verlede onvermydelik moes gebeur het, sy toevlug tot leuningstoelargumente te neem nie.

Sommige koerante in Suid-Afrika maak kort-kort taamlik heftige aanvalle op ons boere en die term „spoonfed farmer” het al ’n slag-spreuk by baie geword. Baie van die kritiek is miskien grondig, veral waar dit gemik is op die swak organisasie van verskeie boerderye in feitlik al ons boerderystreke, soos hier later aangetoon sal word. Maar die probleem het ook ’n ekonomies geskiedkundige agtergrond en dit is ongetwyfeld die plig van ons landbou-ekonome om ook as geskiedkundiges op te tree en na te gaan hoe die voorspoedige tydperke met die rampspoedige tydperke vir ons boerebevolking oor die afgelope 70 jaar vergelyk.

Ons landbou het veral in die noordelike dele van Suid-Afrika gedurende die laaste kwart van die 19e eeu ’n sterk kommersiële rigting begin inslaan. Dit is veral van toe af dat die boerdery vir ekonomiese storings en veral vir kort- en langtermyn-pryskommelings gevoelig begin word het. Uit ’n prysoogpunt beskou was die twintig jare vanaf 1875 tot 1894 geen rooskleurige tydperk vir die boerdery nie. Afgesien van jaarlikse skommeling in pryse as gevolg van skommeling in die grootte van die markbare oeste het die landbou oor die 20-tal jare ’n dalende prysneiging deurgemaak. Gedurende hierdie tydperk het die pryse van landbouprodukte geleidelik gedaal sodat hulle aan die eind van die periode vyftig persent laer was as aan die begin. Die gesamentlike prysindeks van graan het geleidelik gedaal van 194 in 1874 tot 89 in 1894 op die basis van 1890—94=100. Die indeks van veepryse het gedaal van 200 in 1875 tot 95 in 1894, terwyl die indeks van veeproduktepryse ’n daling ondergaan het van 180 in 1874 tot 92 in 1894¹⁾. By vertolking van hierdie gegewens moet in aanmerking geneem word dat ons boerebevolking hom in hierdie tydperk by ’n nuwe huishouding moes aanpas — ’n huishouding waarin markproduksie op die voorgrond getree het.

Die tydperk 1895 tot 1903 is deur ’n taamlike skerp prysstyging gekenmerk. Die vernietiging van opgespaarde vaste en losgoedkapitaal gedurende die Engelse oorlog van 1899 tot 1902 het egter die paar voorafgaande goeie jare vir die boerebevolking van die huidige noordelike Provinsies meer as geneutraliseer en die paar pond wat die boere na die oorlog van die Regering ontvang het kan slegs beskou word as ’n paar reëndruppels op ’n stowwerige pad. Die lang prysdaling vanaf 1875 tot 1894 en die vernietiging van boerderykapitaal gedurende die Oorlog het baie van ons boere in die noordelike dele van ons land ’n ekonomiese en geestelike terugslag besorg waarvan die huidige generasie die wrange maatskaplike vrugte nog pluk.

1. F. R. Tomlinson, **Die Invloed van Prys-kommeling op die Boerebevolking**, Volks-welstand, Deel 1 No. 1 Sept 1939.

Die boere wat nie tot algehele ondergang gedoem was nie het eers ongeveer 1910 weer redelik op hul voete gekom. Die volgende 10 jare tot 1920 was 'n tydperk van voorspoed en vooruitgang vir die Suid-Afrikaanse landbou. Ongelukkig het baie boere onder die indruk gekom dat hierdie voorspoedtydperk vir altyd gaan duur en plase gaan aankoop en beleggings gemaak op die basis van die verskriklike hoë winste veral vanaf 1915 tot 1920. Die na-oorlogse tydperk was gekenmerk eers deur 'n skielike prysdaling in 1921, daarna 'n mate van verbetering vanaf 1922 tot 1928, en toe weer 'n verdere deflasietydperk tot 1933. Die jare 1934 tot nou was 'n tydperk van gedeeltelike ekonomiese herstel in die landbou maar die knou wat veral vanaf 1928 ontvang is word deurgaans nog tot 'n groot mate gevoel.

Ons het hierdie kort geskiedkundige oorsig van ons landbou gegee om die aandag van diegene wat geen direkte belang by die landbou het nie op die moeilike tye te vestig wat ons boerebevolking vanaf die sewentiger jare moes deurmaak met die hoop dat hulle in die toekoms nie so maklik, sonder om die agtergrond in aanmerking te neem, van die „spoonfed farmer” sal praat en skryf nie. Daar is seker baie min boere en seker nie één landbou-ekoonoom in die land wat dit nie sal verwelkom nie as alle kunsmatige Staatshulp aan die boere kon verdwyn nie. Dit moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die boere 'n belangrike mark vorm vir baie van ons Suid-Afrikaanse nywerheidsprodukte. Daarby moet ons onthou dat die binnelandse nywerhede in ons land wat nie Regeringsbeskerming in een of ander vorm ontvang nie seker op vyf vingers getel kan word.

'n Land soos die Verenigde State van Amerika word oor die algemeen as 'n baie beter landbouland as Suid-Afrika beskou. 'n Vergelyking van die opbringste van gewasse in die twee lande waarmee ons u nie hier sal besig hou nie is afdoende bewys daarvan. En tog is gedurende die afgelope agt jaar baie miljoene ponde Staatshulp aan die boere van Amerika verskaf. As 'n gewone besigheidsman bankrot gaan dan kan hy ten gevolge van sy opleiding oor die algemeen 'n betrekking kry en dus nie 'n armlastige vir die Staat word nie. Gaan die boer bankrot dan moet hy óf op die plaas by die nuwe eienaar óf by iemand anders as bywoner werk, óf hy moet stad-toe trek en as ongeskoolde arbeider 'n werk soek. Om dit te verhoed moet die Staat intree en in tye van buitengewone landboumoeilikhede die boerebevolking bystaan. Wat wel gekritiseer kan word is die metode waarop die Staat soms hulp verleen.

Die aanpassing van ons boerdery by die natuurlike omstandighede van ons verskillende landboustreke asook die organisasie van individuele boerderye laat in Suid-Afrika veel te wense oor en dit is in hierdie verband wat die landbou-ekoonoom die volk van groot nut kan en moet wees. Langtermyn-prysdalings in landbouprodukte bemoeilik hierdie taak van die landbou-ekoonoom egter aansienlik want langtermyn-prysdalings veroorsaak 'n wanverhouding in die

pryse van die verskillende landbouprodukte asook in die pryse van landbouprodukte as 'n groep teenoor die pryse van produkte wat die boer in sy produksieproses nodig het. Hierdie veranderings van relatiewe pryse vir verskillende landbouprodukte oor 'n aantal jare maak voortdurende navorsing in die bedryfskant van die landbou noodsaaklik. Gevolgtrekkings i.v.m. die voordeligste kombinasie van produksiefaktore in die boerdery van een of ander streek en veral van die voordeligste kombinasie van die verskillende bedryfstakke in die boerderystelsel van 'n bepaalde streek sal bevoorbeeld van toepassing wees vir 'n tydperk waarin die pryse van die verskillende produkte relatief tot mekaar min of meer in dieselfde verhouding bly. Die resultate word egter byna waardeloos sodra die relatiewe pryse 'n verandering ondergaan. Dit is waar in die verlede 'n groot leemte in ons landboubedryfstudies voorgekom het. Die meeste daarvan strek oor een of twee jaar terwyl die waarde van sulke studies feitlik geometries toeneem met die lengte van die tydsduur van die werklike ondersoek. In New York Staat is 'n sekere bedryfs-ondersoek i.v.m. vrugteboerdery nou reeds vir 26 agtereenvolgende jare voortgesit en die waarde van hierdie studie is vir die vrugteboere van daardie streek byna onskatbaar.

Landbou-ekonomie het reeds vir baie jare die noodsaaklikheid van 'n landbou-ondersoek in Suid-Afrika, waarin ons land in sy verskillende natuurlike landboustreke so akkuraat moontlik ingedeel word, gevoel. 'n Tekort aan landbou-ekonomiese deskundiges asook 'n tekort aan fondse het so'n ondersoek vir 'n lang tyd onmoontlik gemaak. Gelukkig is sowat drie jaar gelede 'n begin daarmee gemaak en is 'n streeksindeling van die Hooglandsaastreke van die Vrystaat en Transvaal, die Provinsie van Natal, insluitende Zoeloeland, en die grootste deel van die kusstreek tot in die Suid-Westelike distrikte van die Kaap reeds gemaak. As 'n bydrae tot ons kennis van ons landbou en die landboumoontlikhede van die hele land is die resultate van hierdie ondersoek van onskatbare waarde.

Baie persone beskou hierdie agro-ekonomiese ondersoek as 'n oplossing vir al ons landboumoelikhede. Hierdie persone sal egter baie teleurgesteld wees wanneer die resultate bekend gemaak word. Dit is geensins die doel van die ondersoek om 'n oplossing van al ons landboumoelikhede aan die hand te gee nie. Die waarde van die ondersoek lê hierin opgesluit dat dit lig werp op die verskillende fisiese en ekonomiese faktore wat die boerderystelsel in die verskillende dele van ons land bepaal, en verder dat die Staat daardeur in die boerderyprobleme van die verskillende streke 'n goeie insig sal kry. Verder werp die ondersoek belangrike lig op die vorm van boerdery wat in elke streek toegepas word, iets waaroor ons geen definitiewe statistiese informasie voorheen gehad het nie en waaroor ons slegs 'n algemene indruk kon gekry het uit 'n samevatting van die sensussyfers van die afsonderlike magistrataatsdistrikte. Die agro-ekonomiese ondersoek toon ons duidelik dat die landbou-sensussyfers

van distrikte 'n baie swak weergawe is van die tipe boerdery in 'n omgewing. Die verskillende agro-ekonomiese streke van Suid-Afrika slaan geensins ooreen met die magistraatsdistrikte nie. Dit is 'n uiters belangrike faktor en laat ons geensins aarsel om aan die hand te gee dat die jaarlikse landbou-sensussyfers nie alleen volgens magistraatsdistrikte (wat van min deskundige waarde is) maar óók volgens die verskillende agro-ekonomiese streke van die land moet ontleed word. Enige veranderinge in die relatiewe belangrikheid van die verskillende landboubedryfstakke in die afsonderlike agro-ekonomiese streke in die toekoms sal dan baie gou bespeur kan word. Die landbou is 'n dinamiese en nie 'n statiese nywerheid nie en dit is van die grootste belang dat die Staat absoluut tred hou met enige veranderinge wat daarin voorkom. Die basiese agro-ekonomiese gegewens soos grootte van plase, oppervlakte onder verskillende gewasse, opbringste per morg van elke gewas, hoeveelheid van elke gewas verkoop en kontantwaarde daarvan, getalle en soorte vee op die plaas aangehou, en inkomste uit die verskillende soorte vee sal dan jaarliks volgens agro-ekonomiese streke beskikbaar wees.

Die groot waarde van die huidige agro-ekonomiese ondersoek lê daarin opgesluit dat dit die basis vorm vir intensiewe opvolgstudies. Geen finale voorstelle vir enige verbetering in die boerderystelsel in 'n streek kan gemaak word tensy die onkoste i.v.m. die boerdery in so'n streek ook bekend is nie. Die huidige ondersoek neem geen bedryfskoste in aanmerking nie en gevolglik is dit van die grootste belang dat daar in al die landboustreke intensiewe bedryfstudies gemaak word waarin die winsgewendheid van die boerdery bepaal word. Daarby is dit van groot belang dat akkurate statistiese ontledings gemaak word van die verskillende belangrike faktore wat die winsgewendheid van die boerdery bepaal. Nie alleen is dit nodig om uit te vind watter faktore winsgewendheid beïnvloed nie, maar ook wat die relatiewe belangrikheid van die verskillende faktore of kombinasie van faktore is as primêre bepalende faktore op winsgewendheid. Die landbou-ekonoom sal horn in die toekoms dus meer deeglik as in die verlede as statistikus moet bekwaam. 'n Bietjie kennis van statistieke is uiters gevaarlik en interpretasie van die statistiese ontledings moet besonder versigtig gedoen word. Dit is baie maklik om in landbou-ondersoek twak-korrelasies te verkry soos die bekende geval van die tussen die aantal ooievaars in Swede en die aantal geboortes wat reeds by 'n vroeëre geleentheid hier aangehaal is.

Daar is in Suid-Afrika reeds verskillende landboubedryfstudies gemaak wat oor verskeie van ons belangrikste produkte handel. Baie van die studies laat veel te wense oor, maar ons twyfel geensins daaraan dat die gehalte van die studies met verloop van tyd baie sal verbeter. Of die resultate van hierdie ondersoek enige indruk gelaat het op ons landbou is baie twyfelagtig maar as daarmee volhard word, sal die landbou-ekonoom in die toekoms baie help om

die boer weg te kry van 'n byna 100 persent biologiese gesigspunt na een waar hy sy boerdery as 'n besigheidseenheid ook beskou. Die oorsaak van die geringe invloed moet aan die geringe belangstelling aan die kant van ons boere in die ekonomiese sy van hul boerdery toegeskryf word, maar ook aan die ontoereikende landbou-ekonomiese opleiding wat die oorgrote meerderheid van ons landbouvoorligtingsbeamptes in die verlede ontvang het. Wat belangstelling betref verskil ons boere baie van boere in die Wes-Europese lande soos Duitsland, Holland, Denemarke en Engeland, en ook in die Verenigde State van Amerika. In genoemde lande stel die boere net so veel belang in die resultate van landbou-ekonomiese studies as in die meer tegniese landboustudies. Dit neem natuurlik 'n lang tyd vir 'n boerebevolking om 'n insig ook in die ekonomiese sy van sy bedryf te verkry. Die publikasies was in die verlede ook van so'n aard dat dit nie maklik direk deur boere kon verstaan word nie. Die resultate en hul praktiese toepassing op die boerderystelsel van een of ander streek asook op die organisasie van individuele boerderye moet dus deur voorligtingsbeamptes verduidelik word. Dit kan nie van die navorsingsekonoom verwag word dat hy ook as voorligtingsbeampte onder die boere moet werk nie. Graag wil ons dus 'n ernstige pleidooi lewer vir meer landbou-ekonomiese onderrig aan toekomstige landbouvoorligtingsbeamptes en wil aan die hand gee dat dergelike landboustudente ten minste twee jaar onderrig in landbou-ekonomiese vakke moet ontvang. Die werk wat hierdie voorligtingsbeamptes sal doen om 'n beter organisasie van die boerderye in die streek waarin hulle werkzaam is, te verkry, sal van 'n opbouwende en blywende aard wees en sal baie daartoe bydra om ons landboubedryf op 'n gesonder ekonomiese grondslag te plaas.

Hierdie punt aangehaal i.v.m. ons voorligtingsbeamptes is van die grootste betekenis indien die navorsingswerk deur landbou-ekonomiese deskundiges van enige praktiese nut vir ons landbou gaan wees. Dit kan ook aan die hand gegee word dat sodra 'n landbou-ekonomiese ondersoek voltooi is die betrokke deskundige saam met die voorligtingsbeampte van die streek 'n reeks lesings gaan hou oor die belangrikste resultate van die ondersoek. Met behulp van doeltreffendheidskaarte moet aan die boere prakties voorgestel word hoedat 'n verbetering in die ekonomiese posisie van baie boerderye aangebring kan word.

Blykbaar is die betreklik geringe belangstelling in landbou-ekonomiese ondersoek tot 'n mate toe te skrywe aan die tyd wat verspil word voordat die resultate gepubliseer word. Dit gebeur baie keer dat die resultate eers etlike jare nadat die ondersoek ingestel is die lig sien. Soos reeds gemeld is die landbouywerheid dinamies van aard en alhoewel sekere bevindings van grondliggende aard is, raak die resultate van so'n landbou-ekonomiese ondersoek in sekere opsigte verouderd en as gevolg van veranderinge wat in die boerderystelsel intussen ingetree het, ontoepaslik. As landbou-ekonomiese pleit

ens dus vir 'n bespoediging in die publikasies wat handel oor landbou-ekonomiese sake.

Die eerste landbou-ekonomiese studie in Suid-Afrika gemaak het gehandel oor die produksiekoste van mielies en is deur mnr. E. Parish gepubliseer as „Economics of Maize Growing in South Africa” in die *Journal van Landbou*, 1924. Mnr. Parish het byna 'n twintig jare gelede reeds ingesien dat daar ook so iets bestaan soos 'n ekonomiese sy van ons mielieboerdery. Indien die resultate van hierdie vroeë ondersoek aan die boere kon verduidelik geword het voel ons oortuig daarvan dat die „mielieprobleem” van vandag geensins so'n nasionale probleem sou geword het nie.

Wat is nou eintlik van die belangrikste resultate wat uit ons landboubedryfstudies in die verlede tevoorskyn gekom het? Die resultate toon dat die gemiddelde winste uit die boerdery betreklik laag is en oor 'n aantal jare is dit twyfelagtig of dit drie persent op die kapitaalbelegging per boerdery sou haal. Die resultate toon ook dat daar by enige vorm van boerdery n' groot variasie voorkom in die winsgewendheid van die aparte boerderye. So vind ons dat in enige streek daar boerderye is waar die boer oor 'n lang tydperk 'n redelike bestaan maak en andere weer waar bepaald goeie finansiële resultate verkry word en die boer in staat is om 'n betreklike hoë lewenspeil te handhaaf. Maar ongelukkig is daar in elke streek ook 'n groot persentasie boerderye waar dit bepaald moeilik gaan vir die boer om die kop bo water te hou. Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat al hierdie boere wat in aparte winsgewende klasse sorteer, min of meer aan dieselfde ekonomiese faktore soos prysskommeling, afstand van mark en vervoerfasiliteite onderhewig is. Die landbou-ekoonoom se taak is dus om verskille te probeer vind in die organisasie van die boerderye om sodoende te bepaal watter faktore vir die wisselinge in winsgewendheid tussen die verskillende boerderye verantwoordelik is. Hy bepaal sy aandag nie by een of ander afsonderlike plaas om daardeur tot 'n oplossing van die probleme te geraak nie. Hy bestudeer 'n groep plase en dit is van groot belang dat die monster verteenwoordigend van alle boerderye in 'n streek is en deur die gegewens van die hele monster aan statistiese ontleding te onderwerp is dit moontlik om die faktore vas te stel wat verantwoordelik is vir die verskille in winsgewendheid tussen die aparte boerderye. Dit moet dus duidelik wees dat die landbou-ekonomiese navorsing geen praktiese plaasbestuurder is of hoef te wees nie alhoewel hy taamlik goed vertrouwd moet wees met die boerderystelsel en boerderyprobleme in die streek waarin hy sy ondersoek instel.

Die vernaamste faktore wat 'n belangrike invloed op die relatiewe winsgewendheid van boerdery in Suid-Afrika het, kan in die algemeen as volg saamgevat word:

1. Die grootte van die bedryfseenheid, en dit kan op verskillende wyse gemeet word soos die totale oppervlakte van die plaas, die oppervlakte onder alle gewasse, die oppervlakte onder die

hoofgewas, die aantal vee, die bruto-inkomste, of die totale kapitaalbelegging in die boerdery. Watter van hierdie faktore gebruik word, sal grootliks van die tipe boerdery afhang. In die Bolandse vrugtestreke is bv. die totale oppervlakte van 'n boerdery feitlik geen maatstaf van grootte nie terwyl die oppervlakte onder vrugte of die aantal vrugtebome wel 'n goeie aanduiding van grootte gee.

2. Die tweede bepalende faktor in die winsgewendheid van die boerdery is algemene produktiwiteit wat in die geval van gewasse gemeet word in opbringste per morg.
3. Die derde bepalende faktor is die doeltreffendheid of produktiwiteit van die arbeid.
4. Die vierde faktor is doeltreffende gebruik van kapitaal soos geboue, implemente en trekvee.
5. 'n Ewewig of balans tussen die verskillende bedryfstakke in die boerdery, veral in die geval van gemengde boerderye tussen die vee- en graanbedryfstakke.
6. Die belangrike faktor van pryse, beide werklike en relatiewe pryse.

Behalwe hierdie ses hoofgroepe-faktore kan nog ander bygevoeg word en kan die bogenoemde groepe verder ingedeel word.

Die grootte van die boerdery, in geval van saai-boerdery die oppervlakte onder gewasse, speel 'n belangrike rol in die winsgewendheid van die boerdery as geheel maar 'n minder belangrike rol in die koste en gevolglik winste per eenheid van die produk. In hierdie opsig is opbringste per morg en doeltreffende gebruik van arbeid verreweg die belangrikste bepalende faktore. In 'n onlangse ondersoek oor saai-boerdery in die noordelike Transvaal het ons gevind dat hierdie twee faktore 'n veelvoudige korrelasie-koeffisiënt van .86 met produksiekoste per sak gee ²⁾. Dit is gevind dat daar 'n sterk buigverhouding bestaan tussen die opbringste per morg en produksiekoste per sak. Ook verder is dit gevind dat op dié boerderye waar 'n doeltreffende gebruik van arbeid gemaak is dieselfde opbringste per morg teen veel laer produksiekoste verkry is as op dié boerderye waar 'n minder doeltreffende gebruik daarvan gemaak is. Dit kan geensins betwyfel word dat daar op baie plase en in baie landboustreke bepaald 'n verspilling van arbeidskragte plaasvind. 'n Meer doeltreffende gebruik van arbeid sal ongetwyfeld tot meer ekonomiese produksie in ons landbou lei. Byna al die ondersoeke toon aan dat arbeidskoste oor die algemeen vir ongeveer 43 persent tot 50 persent en meer van die totale boerdery-onkoste verantwoordelik is. In hierdie rigting, d.w.s. 'n meer ekonomiese arbeidsgebruik, lê nog 'n groot veld voor vir verdere landbou-ekonomiese navorsing.

2. F. R. Tomlinson, *Die Ekonomie van Grondboontjie- en Mielie-produksie op die Springbokvlakte*. Pamflet No. 196, Dept. van Landbou en Bosbou, Pretoria, bls. 152.

In saai-boerdery is opbringste per mork verreweg die belangrikste afsonderlike bepalende faktor in winsgewendheid. Ongelukkig is dit 'n faktor wat grootliks deur natuurlike omstandighede beïnvloed word en het die boer, soos in die geval van pryse, betreklik min beheer. Dit is egter te betwyfel of ons saai-boere die beste gebruik van die betreklik swak reënval maak. Die landbou-ekoonom kan in hierdie opsig nie veel meer doen as om op die belangrikheid van hierdie faktor te wys nie. Die feit dat ons gevind het dat in 'n sekere saai-streek die netto-korrelasie-koëffisiënt tussen opbringste per morg en die finansiële resultate van die boerdery as geheel op .74 te staan kom behoort genoeg aansporing vir ander deskundiges te wees om al hul kragte in te span tot 'n verbetering in opbringste.

Die agro-ekonomiese ondersoek het getoon dat daar 'n baie belangrike verskil voorkom in die gemiddelde opbringste per morg mielies in die verskillende mieliestroke van die land. Alhoewel hierdie faktor tot 'n mate die relatiewe geskiktheid van verskillende streke vir mielieproduksie aandui is dit egter nie 'n volslae aanduiding van grensgebiede nie. Produksiekostestudies is absoluut nodig in al ons verskillende mieliestroke waarvan daar ongeveer 'n tiental of meer is. In elke streek behoort die verhouding tussen opbringste per morg en produksiekoste per sak bepaal te word om te sien watter vorm die verhouding aanneem en of daar enige verskil is tussen die verskillende streke in die produksiekoste per sak teen 'n absoluut gelyke oprings. Indien hierdie oprings-per-morg-produksiekoste-verhoudings vir elke mieliestreek statisties bepaald word sal dit oneindig veel help om tot 'n billike prys vir mielies te geraak.

Daar bestaan nie so iets soos 'n gemiddelde produksiekostesifer vir enige produk in die land nie. Die koste van mielieproduksie varieer van ongeveer £2 tot ongeveer 3s. 6d. per sak. Wat is nou die gemiddelde en watter waarde het dit? Die gemiddelde is 'n teoretiese syfer en die waarde daarvan is nul. Daarom is dit so belangrik om hierdie verhoudings tussen opbringste en koste te bepaal asook frekwensie-distribusies te verkry van opbringste en koste en alleen dan sal ons kan vasstel wat 'n redelike prys vir enige spesifieke oes is. Op die oomblik weet niemand wat 'n grensproducent is en hoeveel daar is nie. Niemand weet hoeveel mielie-boere daar is wat selfs teen 12s. of 15s. per sak nie 'n bestaan kan maak nie en u kan verseker wees dat daar volgens aanduidings uit ons ondersoekingswerk in die verlede talle sulkes is.

Waar lê dan die moeilikheid? Soos reeds aangehaal het die grootte van die plaas, d.w.s. by saai-boerdery die oppervlakte onder gewasse, 'n belangrike invloed op die finansiële resultate van die boerdery as geheel. Groter boerderye lei tot 'n groter omset en ook tot 'n groter netto-inkomste per boer. Die landbou-ekonomiese ondersoek wat tot dusver gedoen is, het hierdie feit verskeie maal aan die lig gebring en verder ontleed. In hierdie verband sou dit u verstom om te weet dat in die 1934-35-seisoen met 'n mielieproduksie van

tussen 18 en 19 miljoen sak, uit 'n totaal van 60.000 mielieprodusente ongeveer 38.000 of byna twee-derde van die boere minder as 200 sak elk geproduseer het ³⁾. Die gemiddelde produksie van hierdie 38.000 boere is heel waarskynlik onder die 100 sak. Dus al kry hierdie boere 20s. per sak kan hulle uit mielies alleen geen ordentlike bestaan maak nie. Baie van hierdie boere produseer nie mielies vir die mark nie, maar tog gee dit ons 'n aanduiding omtrent die toestand in die mieliebedryf.

Wat hier van mieliesaaiboerdery gesê is, geld ook vir baie van ons ander belangrike produkte. Die klein onekonomiese boerdery-eenhede in ons saaistreke het bepaald een van ons belangrikste landbou-ekonomiese probleme geword. Alles behoort gedoen te word om die opсны van plase in onekonomiese eenhede te verhoed. Dit skep nie alleen ekonomiese maar ook sosiale probleme. Dit is die taak van die landbou-ekonoom om hierdie faktor van grootte van plase in al ons landboustreke deeglik te ontleed en, mits die korrekte stelsel van boerdery toegepas word, te bepaal wat 'n minimum-eenheid behoort te wees. Die minimum-grootte sal natuurlik verskil van streek tot streek selfs met dieselfde produkte. Relatiewe opbringste per morg gewasse sal hier 'n belangrike rol speel. In streke met betreklik hoë opbringste is kleiner eenhede moontlik as in streke met swakker opbringste. Beter opvoedingsfasiliteite vir die plaaskind en geldelike steun in hierdie rigting sal in talle gevalle daartoe bydra dat nie so'n groot persentasie van die seuns deur omstandighede gedwing word om op die plase te bly nie. 'n faktor wat noodwendig tot verdere opсны van plase moet lei. By ons rondgaan in die verskillende landboustreke kom die gesegde van wyle professor Warren dikwels voor die gees. nl. „Rather be a hired man on a good-sized farm than the owner of an uneconomically small unit.”

Ons kan nie genoeg klem lê op hierdie belangrike probleem nie en dit ly geen twyfel dat baie van ons bemarkingsprobleme in Suid-Afrika meer van 'n produksie-aard is en hierin speel die onekonomiese eenhede geensins 'n geringe rol nie.

Dit is goed dat ons in hierdie opsig ook iets sê omtrent die staatsnedersettings. Wat die ekonomiese sy van die nedersettings-boerderye betref, lê daar 'n besondere groot veld vir landbou-ekonomiese navorsing oop. Een doel in die nedersettingsbeleid is om ekonomies-gesonde boere op die nedersettings te rehabiliteer. Om rehabilitasie te laat geluk, behoort die Staat dit vir die boere moontlik te maak om gerehabiliteer te word en die heel eerste stap daartoe is om aan nedersetters ekonomiese plaaseenhede te verskaf. Hierdie faktor is in die geval van die nedersetters van die grootste belang. 'n Onlangse ekonomiese ondersoek handelende oor besproeiings-boerdery in die westelike Transvaal lei tot die gevolgtrekking dat die kans baie skraal is dat 'n nedersetter op 'n besproeiingseenheid

3. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 13, 1937.

van ongeveer 10 morge in alle opsigte gerehabiliteer kan word en skep die oortuiging dat onder die huidige boerderystelsel 'n eenheid van ten minste 15 tot 20 morge onder besproeiing nodig is om 'n behoorlik bestaan uit besproeiingsboerdery te kan maak⁴). Hierdie gevolgtrekking is van die grootste belang aangesien dit daartoe sal bydra dat ons nie alleen goeie produkte maar ook fisies, geestelik en verstandelik gesonde boere onder ons besproeiingskemas aan die volk kan lewer.

Ons het verder aangetoon hoe 'n verbetering in ander opsigte in die ekonomiese posisie van die nedersetters verkry kan word.

Enkelvoudige en veelvoudige korrelasieverhoudings tussen die winsgewendheid van die boerdery as afhanklike faktor en die belangrikste bepalende faktore is verkry en ook aangetoon watter invloed elk van die faktore op winsgewendheid het. In die bepaalde streek toon die resultate van die ondersoek dat veel meer aandag aan die tabakbedryfstak van die boerdery behoort gewy te word. Oppervlakte onder tabak en waarde van tabak per morg toon 'n netto-bepaling van 55.4 persent op winsgewendheid indien die invloed van alle moontlike bepalende faktore op 100 persent gestel word.

Om u 'net 'n blik te gee op die tragiese toestande onder die besproeiingsboere in die westelike Transvaal wat onafhanklike boere sowel as nedersetters insluit, hoofsaaklik as gevolg van klein ondoeltreffende plaaseenhede en verkeerde boerderystelsels wat gevolg word, kan ons net noem dat 'n frekwens-distribusie van die bruto-inkomste toon dat twintig persent of een-vyfde van die boere 'n bruto-inkomste van minder as £50 per boer jaarliks uit die boerdery haal; verder dat 52 persent van die boere of meer as die helfte 'n bruto-inkomste van minder as £150 per boer uit die boerdery haal. As ons veronderstel dat ongeveer 60 persent van hierdie bruto-inkomste as gewone onkoste in die boerdery moet uitbetaal word en dat boonop ook nog rente op skuld en delging van die skuld betaal moet word, kan u eers sien waar 'n vername bron van ons maatskaplike probleme lê. Dit is absoluut noodsaaklik dat landbou-ekonomiese ondersoek van 'n dergelike aard in al die besproeiingsstreek aangepak word sodat ons oor informasie kan beskik waarop toekomstige beleid kan berus.

Die probleem by 'n groot persentasie van die boere in genoemde streek asook in ander swak landboustreke van ons land is nou van 'n maatskaplike aard. Die landbou-ekonoom se ondersoek en sy voorstelle moet dien as leidraad vir die toekoms maar is in sulke gevalle bepaald nie onmiddellik prakties uitvoerbaar nie. Die enigste onmiddellike oplossing skyn te wees om die kinders weg te kry van hierdie onekonomiese en onbetalende boerdery-eenhede en hul 'n goeie opvoeding op staatskoste te gee sodat hulle in ander werkkringe opgeneem kan word. Die slagspreuk „Terug na die plaas” behoort baie versigtig

4. F. R. Tomlinson, **Winsgewendheid van Besproeiingsboerdery in die Westelike Transvaal**, Pamflet No. 201, Dept. van Landbou en Bosbou, Pretoria, 1938.

vertolk en toegepas te word. As landbou-ekonomies wil ons selfs die vraag stel of sommige van ons landboustreke nie as ongeskik vir boerdery van enige aard verklaar en deur die Staat vir ander doeleindes oorgeneem behoort te word nie.

Die produktiewe gebruik van kapitaal as 'n belangrike bepalende faktor in die winsgewendheid van die boerdery is soos in die geval van arbeid van uiters groot belang. In hierdie opsig, veral met die neiging tot 'n intensiewe gemechaniseerde landbou, is dit nodig dat meer aandag gegee word in ons ondersoekingswerk aan die ekonomiese gebruik van mechaniese trekkrag en vir die verskillende streke te bepaal wanneer 'n kapitaalbelegging in 'n motortrekker vir die boer 'n produktiewe belegging sal wees en wanneer dit tot sy ondergang mag lei. Die produktiewe gebruik van kapitaal asook van arbeid hang baie nou saam met die grootte van die boerdery-eenheid. Dit bring ons egter by die belangrike probleem van oorkapitalisasie in ons landbou en die daarmee gepaard gaande probleem van skuldelaas.

Die Suid-Afrikaanse landbou is baie geneigd tot oorkapitalisering en die markwaarde van plase is in baie min gevalle 'n aanduiding van die ekonomiese of produktiewe waarde, en hierin lê grootliks een van ons primêre oorsake van hoë produksiekoste. Ook in hierdie opsig kan die landbou-ekonomies groot dienste lewer om deur middel van sy navorsingswerk aan te toon wat die ekonomiese waarde van boerderye in die verskillende landboustreke is. Verskillende faktore moet in aanmerking geneem word by die koop van 'n plaas asook by addisionele kapitaalbelegging deur teenswoordige boere. Aan die landbou-ekonomies word die taak opgedra om hier leiding te gee.

Die landbouskuldelaas is ook een van ons brandende probleme waarvoor baie persone redenasies voer maar waarvoor ons min kennis beskik. Die agro-ekonomiese ondersoek toon dat die skuldelaasverhouding oor die algemeen in ons landbou nie baie swartgallig is nie. Dit moet egter besef word dat in genoemde ondersoek die markwaarde as waardemaatstaf gebruik is maar, soos reeds gesê, is die markwaarde geensins 'n korrekte weergawe van die ekonomiese waarde nie. Voordat ons 'n duidelike oordeel kan vel oor die skuldelaasposisie in ons landbou moet ons meer intensiewe bedryfsondersoek instel om sodoende te bepaal wat die skuldelaasverhouding ten opsigte van die ekonomiese waarde van die plase is.

Wat ook al die gemiddelde skuldelaasverhouding in ons landbou is, is dit geensins te betwyfel dat 'n groot deel van ons boere in 'n skuldposisie verkeer waaruit hulle onder huidige omstandighede sonder die instelling van een of ander ekonomies-gesonde delgingskema beswaarlik sal kan uitkom. In baie gevalle word skuld aangegaan in tye van ekonomiese voorspoed met die doel om die boerdery in een of ander vorm uit te brei. Die koste in verband met 'n dergelyke skuld bly in tydperke van ekonomiese voorspoed sowel as tydperke van deflasie onveranderd. Dit is in laasgenoemde geval dat die landbouskuldposisie van baie boere ondraaglik word daarom is

dit van die allergrootste belang dat die skuldalasverhouding van die boer so gesond moontlik gehou word sodat hy in tye van depressie in staat is om sy plaas te behou al is dit ook ten koste van 'n inkorting in sy lewensstandaard.

In die geval van die staatsneder-setters is hul skuldposisie feitlik ondraaglik. Weliswaar word hulle in baie gevalle met tot 100 persent van hul beginkapitaalbehoefte deur die Staat gehelp maar ons moet die vraag stel of die prys waarteen die besproeiingseenhede aan hulle verkoop word, billik is. Soos reeds gesê is een doel van die neder-settingskemas om ekonomies-gesonde boere te rehabiliteer. Ons onlangse ondersoek het duidelik getoon dat die prys waarteen hierdie boere besproeiingsgrond moet koop met die oog op die opbringste van die eenhede geensins ekonomies billik is nie. Die kans is dus besonder skraal dat die Staat ooit al sy fondse terugbetaal sal kry. Die vraag wat ons dus moet stel is of dit dan nie beter sou wees om skuldafskrywing aan die begin te doen i.p.v. na die boer vir 'n tweede keer reeds ondergegaan is, en sodoende die kans baie rooskleurig te hê dat byna 'n 100 persent rehabilitasie verkry word? Indien afskrywing tog later moet geskied, doen dit dan lievers vroeër want dan is daar tog 'n versekering dat 'n belangrike bate, nl. fisies en geestelik gesonde burgers vir die volk verkry word vir die prys van afskrywing.

Graag wil ons net aan 'n probleem raak wat onmiddellike ondersoek vereis. Daar is reeds baie geredeneer en gefilosofeer oor die vraag of Suid-Afrika 'n akkerbou- of 'n veeteeltland is. Sommige is van mening dat die ploeg die oorsaak van al die onheil in die landbou is. Dit is 'n baie verregaande bewering wat geensins gegrond is nie. Suid-Afrika is 'n landbou- én 'n veeteeltland. Die probleem is egter om 'n behoorlike aanpassing van beide by die natuurlike en ekonomiese faktore van die land te verkry. „Bemerk u graan op vier pote” het 'n algemene stelling geword, maar voordat daartoe met alle mag oorgegaan word is dit van groot belang dat ekonomiese ondersoek in dié rigting ingestel word. Skrale gegewens dui aan dat die voer van vee wel tot 'n betalende bedryfstak in baie van ons streke kan ontwikkel. Veel meer ondersoek is egter nodig om 'n mate van finaliteit aan hierdie stelling te heg. So'n praktyk sal bepaald in soverre goeie resultate gee dat dit veeverliese as gevolg van droogtes tot 'n minimum sal beperk, en verder dat die verskriklike onbestendigheid in die netto-inkomste uit saai- en oeserye baie sal verminder en sodoende 'n spekulatiewe element in ons landbou tot 'n groot mate neutraliseer.

Die winsgewendheid van 'n opmespraktyk hang nie alleen af van die gemiddelde vermeerdering in gewig deur die dier per elke eenheid voedingsmateriaal nie, maar ook, en miskien tot 'n groter mate, van sekere prysfaktore, soos seisoen- en sikliese skommeling in pryse en die relatiewe pryse van voer en vleis. Prysnavorsing is dus van die grootste belang by die ontwikkeling van hierdie bedryfs-

tak. Uitbreiding van 'n veevoerb企业fstak bring die probleem mee van korttermyn-kredietfasiliteite. Sonder dat daar in hierdie opsig enige voorsiening gemaak word, is die ontwikkeling van so'n praktyk in sy kiemstadium versmoor.

In verband met verdere ekonomiese ondersoek in ons veebedryf behoort die suiwelbedryf in al sy vertakkinge nie uit die oog verloor te word nie. Voorlopig blyk dit dat oorkapitalisasie en lae produktiwiteit van die melkbeeste van die vernaamste probleme in hierdie bedryf is. Dit is te betwyfel of die miljoen melkkoeie in die land oor 'n tydperk van 12 maande 'n half gelling melk elk gemiddeld per dag verskaf.

Tyd laat ons nie toe om die nodige ondersoek in die afset van landbouprodukte aan te raak nie. Hier lê 'n wye veld voor vir die landbou-ekonomiese, en die probleme wat ondersoek vereis is so veel dat dit almal nie eers hier genoem kan word nie.

Ons het gewys op die klein onekonomiese boerdery-eenhede en die vraag kom onwillekeurig op of daar in ons bemarkingskanale nie ook te veel klein onekonomiese besighede voorkom nie. Is daar nie ook te veel van 'n duplikasie van dienste nie? In die geval van varsmelk in die groot stede vind ons dikwels dat 'n half dosyn melk-karretjies van verskillende distribueerders in dieselfde straat melk aflewer. Is hier nie 'n vermorsing van diens wat tot onnodig hoë afsetkoste lei nie? Vind daar tot 'n groot genoeg mate 'n eweredige distribusie plaas van dieselfde soort produk op ons verskillende markte?

Die neiging bestaan vandag om die gewone bemarkingstelsel deur 'n semi-Staatstelsel te vervang. Indien laasgenoemde 'n verbetering bo eersgenoemde is dan is daar wel plek daarvoor. Maar voordat daar geheel en al tot so'n radikale verandering oorgegaan word, is dit van groot belang dat daar meer wetenskaplike ondersoek in die private bemarkingstelsel ingestel word. Kommissieverslae alleen is nie voldoende nie.

Waar die ekonoom sy bes probeer om die beste pryse vir die boer te verkry is dit absoluut noodsaaklik dat hy die verbruiker nie uit die oog moet verloor nie. Maar aan die ander kant kan ons nie van die boer verwag dat hy as sosiale donateur moet optree nie. Indien 'n groot gedeelte van die verbruikers goedkoper voedsel nodig het, is dit die plig van die Staat om te sien dat 'n skema of skemas ingestel word waarby hulle dit kan verkry. In die Verenigde State is dergelike skemas ingestel maar die boer dra nie die koste daaraan verbonde nie. Met die voedingsprobleme wat daar in die land voorkom moet die landbou-ekonomiese homself die taak stel om skemas te probeer voorlê waarby altans 'n gedeelte van die huidige uitvoersurplusse vir binnelandse verbruik bestem kan word want dit is seker net so belangrik om goeie mense as om goeie produkte voort te bring.

In verband met bemerkingsprobleme lê daar vir die ekonomie 'n groot werk voor in die rigting van prysontledings en die daarmee gepaardgaande probleem van vraagselestisiteit by ons landbouprodukte. Die teorie leer ons dat die vraag na landbouprodukte taamlik onelasties is, maar wat is die elastisiteit by elk van ons belangrike landbouprodukte? Soos Douglas sê: „In order to make the analysis precise, to forecast and to detect interactions in economic society, it is plainly necessary to determine the slopes of the demand and supply curves of the various commodities”⁵). Ook, hoe vergelyk produksieprysverhoudings in tye van 'n betreklik hoë algemene pryspeil met tye van 'n lae algemene pryspeil? Hoe word die totale waarde van 'n oes beïnvloed deur die grootte daarvan in verskillende tydperke? Hierdie vrae kan nog nie beantwoord word nie.

Ons het probeer om 'n paar van die ernstige landbou-ekonomiese probleme wat ondersoek vereis aan u te skilder. Soos die geval met ander volksvraagstukke, bv. die Naturelle-, Indiër- en Kleurlingvraagstukke, is dit die tydfaktor wat ook by die landbou-ekonomiese vraagstukke teen ons opweeg. Die tyd gaan verby en die probleme vermeerder. Ons wetenskaplike kennis van die landbou-ekonomiese probleme in Suid-Afrika is besonder skraal. Daar is dus werk nodig en ons pleit hier in belang van die selfstandige voortbestaan van die boerebevolking dat 'n uitbreiding in die landbou-ekonomiese navorsingswerk in Suid-Afrika vinnig moet toeneem. Graag gee ons aan die hand, soos andere reeds gedoen het, dat 'n Sentrale Ekonomiese Raad ingestel word onder wie se toesig ekonomiese deskundiges navorsingswerk in alle ekonomiese vertakings van die samelewing moet doen. Dit sal duplikasie van dienste verhoed en koördinerende van navorsing bewerkstellig. Verder sal dit instaat wees om die resultate van die navorsingswerk te publiseer sonder die vrees dat een of ander bevinding een of ander politieke party sal benadeel. So'n Raad is veral van belang ten opsigte van die landbou-ekonomiese wetenskap aangesien in die toekoms blykbaar alle landbou-ekonomie in Suid-Afrika Staatsamptenare sal wees.

Daar is 'n gesegde in Amerika dat „if you were to place all the economists in Washington end to end they will still not reach a conclusion.” Dit is seker ook van toepassing op die ekonomie in Suid-Afrika, maar ons voel dat indien daar tot 'n groter mate wetenskaplike navorsingswerk in ons landbou-ekonomiese vraagstukke gedoen word, daar baie meer eensgesindheid onder ons kollegas sal wees. Hiervoor is die instelling van 'n Sentrale Ekonomiese Raad baie nodig.

Meneer die Rektor,

Die taak waartoe die Universiteit my geroep het is besonder groot en ek dank u vir die vertroue in my gestel. My eerste taak is om landbou-ekonomie op te lei sodat hulle ook kan begin aan sommige van die vraagstukke wat hier genoem is, en daarby ook

5. Paul H. Douglas. **Theory of Wages**. The Macmillan Co., New York, 1934. Bis. XII.

om aan die gewone landboustudente 'n insig in ons landbou-
ekonomiese vraagstukke te gee sodat hulle, wanneer hulle deskundige
werk onder die boere doen, nie die ekonomiese perspektief uit die
oog verloor nie.

Behalwe akademiese werk sal ek, soos in die verlede, my kragte
sover moontlik aan navorsingswerk wy, om daardeur my deel by te
dra tot die opbou van hierdie jong wetenskap en tot 'n oplossing
van ons dringende landbou-ekonomiese vraagstukke.

Here Professore en Lektore,

Dit was met 'n mate van bewerigheid dat ek my werk hier aan-
vaar het maar die vriendelikheid waarmee u almal my hier ontvang
het, het my taak besonder vergemaklik. My innige dank wil ek ook
graag uitspreek aan my landboukollegas, in besonder die onder-
Dekaan, vir die goeie samewerking tussen hulle en my.

Ten slotte wil ek in haar afwesigheid 'n woordjie van dank
uitspreek aan my bejaarde moeder sonder wie se aanhoudingsvermoë
ek nooit 'n Universitêre opleiding sou gehad het en dit tot hiertoe
gebring het nie.

Dankie.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA.

Reeks VI: Intreeredes.

- No. 1. KRITZINGER, M. S. B.—
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan die
Universiteit van Pretoria.
- , 2. DUMINY, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.
- „ 3. SKAWRAN, P. R.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.
- „ 4. GEY VAN PITTIUS, E. F. W.—
Volksregering met besondere verwysing na Suid-Afrika.
- „ 5. COERTZE, L. I.—
Watter Regsisteem beheers die verhouding tussen Owerheid
en Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg of
Engelse Reg?
- „ 6. EOKHORST, M.—
Kultuur van 'n Waterland.
- „ 7. VILJOEN, S. P.—
Die Voortbestaan van die Blanke Ras.
- „ 8. ENGELBRECHT, J. A.—
Die Wordings- en Verwordingsgeskiedenis van die Koranna.
- „ 9. PELLISIER, G. M.—
Die Godsdiens as illusie volgens Freud.
- „ 10. CRONJE, G.—
Die Deterministiese Standpunt in die Sosiologie.
- „ 11. WILLEMSE, W. A.—
Die Psigologie en Maatskaplike Afwykinge.
- „ 12. WOLMARANS, H. P.—
Betekenis van die Openbaringsbegrip vir ons tyd.
- „ 13. GROENEWALD, E. P.—
Die Eksegese van die Nuwe Testament.
- „ 14. LOMBAARD, B. V.—
Geologiese Ondersoek in Suid-Afrika.
- „ 15. DE LOOR, B.—
Die Statistiek en Waarskynlikheidsrekening en hul Toe-
passing.
- „ 16. STEENKAMP, W. F. J.—
Die Vraagstuk van die Afsetkoste.
- „ 17. KRITZINGER, J. H.—
Die Skeppingsdae in Genesis.
- „ 18. GONIN, H. L.—
Die Redenaar as die Ideaal van die Ontwikkelde man by die
Romeine.
- „ 19. THERON, J. J.—
Die Vrugbaarheids-vraagstuk in die Nuwe Bodemkunde.
- „ 20. TOMLINSON, F. R.—
Die Taak van die Landbou-ekonomies in Suid-Afrika.